# 20 Desember 2021 - Lesing 16 - Die verskuilde “donkie/esel” simboliek vir die Dogter van Sion in Elohim se Woord

### Oproep van verskeie mense tot afsondering in die Steenkampsberge te Lydenburg.

Verskeie mense is opgeroep op verskillende wyses om vir `n onbepaalde tyd na n plek in Lydenburg op te trek, later genoem die Herberg, vir innerlike geestelike groei. Kamp is opgesit, tente en houthuisies is opgeslaan en `n hele gemeenskap van tot 80 mense het vir byna 2 jaar daar gekamp. Elke dag is gekenmerk deur 3 maal in `n groot markiestent te vergader en Vader is gedien met lofsang, gebed en Skrifstudie. Daaglikse profesieë is ontvang deur tot 20 persone wat die innerlike stem begin hoor het, selfs kinders het geprofeteer. Alles in lyn met **Joël 2: 28-29:**

*Joel 2:28 En daarna sal Ek My Gees uitgiet op alle vlees, en julle* ***seuns en julle dogters sal profeteer, julle oues drome droom, julle jongelinge visioene sien****. [JeségiEl 13:11-13; MattithJaHûW 16:3]*

*29 En ook op die* ***diensknegte en op die diensmaagde*** *sal Ek in dié dae My Gees uitgiet. [JeségiEl 24:27]*

Saam het ons geleef, etes voorberei, groente geplant, melkkoeie versorg en die kamp in standgehou. Etlike opdragte wat in Volksbelang sou wees, is uitgevoer en ek sal poog om kortliks `n paar opdragte vir u as lesers te gee, wat ook deel is van die Dogter van Sion-donkie se las wat sy moes dra vir hierdie eindtydgebeure om in vervulling te gaan.

### Boekstawing van die gebeure tydens die 29 Oktober 2008 Gelofte te Pretoria, afgelê deur elf persone van die Herberg te Lydenburg:

***Hiermee word erkenning gegee aan Nalize Roets wat hierdie gebeure stiptelik weekliks aangeteken het en aan ons op die Herberg beskikbaar gestel. Aanhalings 1. dááruit/2. daarúít.***

### Die rit na Pretoria

Op 28 Oktober 2008 het ons Meester, JaHshua, aan Basie Snyder in sy hart opdrag gegee om Hoofstuk 1 van “Maak en Breek”, gedikteer aan Louise Snyder, te lees en hy sou sy eerste opdrag daarin vind. Verdere Woord in sy hart het gelui: “Gaan!”. Soos vir Koos de la Rey jare gelede gegee is deur Siener van Rensburg: “Gaan met 10 man te perd na die Noordweste en wag daar op My Woord!”, is dit weer deur ‘n skryfkneg van JaHshua gegee.

Daar is in die diktaat van JaHshua aan Johannes, deur Nalize op 28 Oktober 2008 verwys na Hoofstuk 1 en 3 van die boek “***Maak en Breek***”. Hoofstuk 1 gaan oor die oprigting van ‘n pilaar of “Skaaptoring” by Migdol ter bevryding van Sy Volk en Hoofstuk 3 gaan oor beskerming deur Vader naby die Magaliesberge. Die diktaat het aangedui dat daar voor sonsopkoms ‘n gedenksteen gesalf moes word in die Brits-omgewing. Daar is ses persone, buiten Johannes, aangewys in die diktaat om alles mee te maak en JaHshua het genoem dat daar tydens die salwing verdere Woord deur Hom deurgegee sou word betreffende verdere handelinge en opdragte.

Ander belangrike aanhalings uit die twee hoofstukke waaruit die Gelofte sou kom, het as volg gelui: “Dit was in die jaar 1900 toe daar van My knegte opgestaan het om My te dien.” “Bande van dood het almal omring.” Koos de la Rey het van sy perd, Pronk (hoogmoed of trots), geval en ‘n geweldige kopstamp opgedoen, waarna hy na Vader om hulp geroep het. Siener van Rensburg is na hom gestuur met die opdrag om met 10 man te perd na die Noordweste te gaan en te wag op Sy Woord. “Hy het dadelik gegaan en My boodskap sorgvuldig uitgevoer. Daarin lê die gehoorsaamheid – dat ‘n kneg My Woord uitvoer.” “***Rig vir My ‘n pilaar op ter bevryding van jou volk. Ek sal jou volk gedenk in die volgende geslagte wat sal kom, want hulle is My uitverkorenes!”*** “My volk, Ek het julle lief, maar julle gedenk My nie. Daar is ‘n geringe oorblyfsel onder julle wat My Aangesig soek. Sorg dat julle My vind, want Ek is die Alfa en die Omega.” “Daarom is dit nodig om My dag en nag te prys. Om My elke dag uit die diepte van jou hart te bemin dat Ek kan maak die vyande ‘n voetbank van jou voete.”

Ongeveer 100 jaar gelede het Generaal Koos de la Rey, Siener van Rensburg en tien manskappe ‘n fisiese klipstapel gaan oprig Noordwes van waar hulle was, in Wes-Transvaal. Nou, 100 jaar later, het Johannes Snyder en Dirk van Vuuren met nege mense weereens opgetrek na Pretoria om ‘n geestelike verbond in die harte te sluit, met ‘n klipstapel as fisiese gedenkteken. Hoe groot is ons Skepper se beplanning nie! Maar meer merkwaardig is die feit dat Hy Self die twaalfde persoon was wat die ekspedisie vergesel en gelei het!

***Die vertrek na Pretoria:***

‘n Vergadering is saamgeroep in dieselfde uur, met die eerste ses aangewese manskappe soos per diktaat: . Hierop het JaHshua geantwoord dat daar twaalf sou gaan na Brits/Pretoria, waar ‘n gedenkplaat vir Hom gesalf moes word. JaHshua het toe bevestig dat drie vroue moes saamgaan. ’n Elfde persoon is aangewys en JaHshua self was as die twaalfde teenwoordig. Die aangewese persone is geseën deur die gemeente voor hulle vertrek. Wie die persone was, is irrelevant, aangesien die agtergeblewe lede in die Herberg ons deurlopend in gebed gedra het, sodat die eintlik die hele gemeente was wat opgetree het in die gees.

Oornagplek is gereël in Pretoria. Daar het egter nog onduidelikheid geheers aangaande die opdrag en uitverkore perseel vir opdragte en daarom was ‘n halfwegstasie benodig.

Onderweg na Pretoria moes 'n sekere klip weer teruggehaal word. Volgens JaHshua stel hierdie klip die Melgisédek-huis voor, is gegee aan Pieter en vanaf Maart 2008 versteek op die Steenkampsberge in Lydenburg. Dit was gedoen in opdrag van JaHshua. Al die ander persone moes van dieselfde plek 'n klip saamneem, alhoewel uit ander rots-formasies, aangesien 'n klipstapel iewers opgerig sou word.

Hier het Nalize van JaHshua verneem dat daar na drie plekke gegaan moes word en alles afgehandel sou wees deur sewe maal om die Kerkplein te ry onder lofsang, waarna 'n steen ook gesalf moes word. Hier sou die leuse "Eendragt maakt Magt'' gewysig moes word na "***Eendrag in JaHshua maak Mag***".

***Die aankoms in Pretoria:***

Dieselfde aand is weer vergadering gehou te Greenstraat 139, Pretoria, om duidelikheid van JaHshua te ontvang oor wat ons te doen staan. `n Nuwe Gelofte is intussen deur JaHshua aan Francois gedikteer.

Op hierdie vergadering het JaHshua die volgende drie plekke aangewys: Die Jopie Fourie feesterrein, Kerkplein van Pretoria en die berg-gedeelte naas Amajuba-laan op die suidelike hang van die Magaliesberg. Hieruit is afgelei dat dit gaan oor poorte van Pretoria-omgewing vanaf Brits, maar 'n driehoek moes gevorm word as geheiligde gebied vir JaHshua.

Na gebed is vasgestel dat die eerste opdrag 'n salwing op 'n gedenkplaat op die Jopie Fourie feesterrein langs die Magaliesberge, naby Brits sou behels, met die woorde van JaHshua wat lui: "***Ek gee die grond weer terug as erfenis en besit aan julle***". Dit moes voor sonsopkoms op 29 Oktober 2008 geskied.

Die tweede opdrag sou 'n klipstapeling behels op die suidelike kant van die Magaliesberge in die gebied Noord van Amajuba-laan. Hierdie taak sou 'n soektog behels na die plek deur JaHshua verkies vir Sy nuwe Klipstapel.

Die derde en laaste plek sou Kerkplein wees. Daarna het almal hulle te ruste begewe in gebed en smeking dat JaHshua meer besonderhede sou bekendmaak gedurende die kort nag wat voorgelê het, aangesien ons eers omstreeks 22h30 afgesluit het.

***Eerste opdrag en Gelofte op 29 Oktober 2008 te Jopie Fourie feesterrein:***

Om 03h00 die volgende oggend is met gebed geopen en gereedgemaak vir vertrek. JaHshua het in 'n droom aan Johannes bekendgemaak dat ons nie oorboord moes gaan met enige handeling of woorde nie, maar **slegs moes spreek wat JaHshua self sou deurgee**, sodat die dag geheilig sou wees vir Hom.

Om 04h00, die oggend, met ons aankoms by die Jopie Fourie feesterrein, was daar 'n slot gevind aan die ingangshek. JaHshua het bevestig dat ons die perseel nie dadelik mag betree nie, die slot nie mag breek nie, maar slegs geduldig moes wag, aangesien iemand na ons toe sou kom vir hulpverlening. Na 'n wyle het JaHshua vir Francois en Pieter opdrag gegee om die perseel te verken. Die "persoon" wat ons tegemoet moes kom, is deur JaHshua aan ons bekendgemaak, dat dit Hy self is, wat as twaalfde die Verbond saam met ons sou aflê.

Dit was nog skemer, toe ons vir Dirk in sy rolstoel oor die hek tel. By die gedenknaald is die Verlossing van die Boerevolk met gebed en Gelofte bevestig. JaHshua het egter aan Francois gesê dat elkeen in sy hart moes ingaan en eers sy eie hart in die gees moes salf, alvorens die Gelofte afgelê kon word en die gedenksteen met olie gesalf kon word. Daarna is olyfolie oor die gedenksteen gegiet.

Tydens die afsluitingsgebed het Gideon in die gees gesien dat daar duisende gestorwe Boere om ons versamel staan in die oopte. Pieter het terselfdertyd in die gees gesien dat olie oor 'n hart gegiet word en 'n kwart daarvan het verander in goud. Ramshorings is op die vier hoeke van die steen in die vier windrigtings geblaas. Alles het ongeveer 05h00 die oggend geskied, dieselfde tyd waarop Jopie Fourie tereggestel is op 20 Desember 1914.



